## VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS
## GRAAD RRR

**OU JUFFROU PADDA**

Tien klein paddatjies,kom sit in 'n kring.
Bring julle boekies en laat ons sing.
Maak julle bekkies wawyd oop!
En sing vir my so soet soos stroop!
"Kwak kwak kwak!
Kwek kwek kwek!"
Tien klein paddatjies maak my gek!

**Onbekend**

**IN DIE KOMBUIS**

Mamma berei ons eetgoed voor
Met meel en suiker kan sy tog toor!
Dis proe-proe hier!
En klits-klits daar!
En kyk daar staan 'n groot koek klaar!

**Marie Storm**